

Boodskap vir Sondag 12 Julie 2020

Gegroet uit die Pastorie

Dikwels verkyk ek my aan dirigente – elkeen het sy of haar eie unieke styl, maar almal het 'n paar dinge in gemeen: 'n panache - 'n teenwoordigheid wat selfvertroue uitstraal; 'n flair – 'n natuurlike en instinktiewe talent om dit goed te doen; en natuurlike entoesiasme. Dit laat my altyd ook dink aan George Bernard Shaw wat gesê het aan die einde van sy lewe wil hy opgelewe wees want hoe harder hy werk, hoe meer lewe hy. Hy het ook gemeen ons nie wys word op gronde van ons geheue nie, maar as gevolg van die verantwoordelikheid vir ons toekoms. Party mense is digters van formaat, soos NP Van Wyk Louw byvoorbeeld met die gepaste gedig *Vroegherfs*:

*Die jaar word ryp in goue akkerblare,
in wingerd wat verbruin, en witter lug
wat daglank van die nuwe wind en klare
son deurspoel word; elke blom word vrug,
tot selfs die traagstes; en die eerste blare val
so stilweg in die rookvaal bos en laan,
dat die takke van die lang populiere al
teen elke ligte môre witter staan.
O Heer, laat hierdie dae heilig word:
Laat alles val wat pronk en sieraad was
of enkel jeug, en ver was van die pyn;
laat ryp word, Heer, laat u wind waai, laat stort
my waan, tot al die hoogheid eindelijk vas
en nakend uit my teerder jeug verskyn.*

Buite sien en hoor en voel ek dis herfs wat wil meer winter word. Binne-in voel ek gekluister in daad en omgewing. En wonder ek meer as gewoonlik oor die lewe en ek hoop dat die wind van herfs ook my waan sal uitwaai totdat net oorbly die mooie eenvoud van my jeug. Voel julle ook in die afgelope tyd iets soos wat Job ervaar het, miskien net nie so erg en diep nie, maar tog een of ander verlies? Of dalk dat geloof nie regtig iets kan regkry nie? Dat God doer bo is en ons hier onder en vêr weg? Is dit dalk vir jou ook dat asof daar 'n fluistering invlieg wat sê ons oor dinge praat wat ons nie begryp nie? Job 42:1-6 // *Daarna het Job vir die Here gesê: "Nou weet ek dat U tot alles in staat is en dat U kan uitvoer wat U besluit. Wie is dit wat u bedoelinge wou dwarsboom sonder dat hy die insig gehad het? Ek het oor dinge gepraat wat ek nie begryp het nie: u wonderdade was te groot vir my, ek het dit nie verstaan nie. U het mos gesê: Luister terwyl Ek praat, Ek sal vra, antwoord jy My. Tot nou toe het ek net gehoor wat mense van U sê, maar nou het ek U self gesien, en nou verag ek myself, nou sit ek vol berou, in sak en as."*

Net soos Job is ons wat só iets ervaar by 'n oomblik waar ons nutteloos voel en terselfdertyd met die Here wil praat – nie die dominee wil hoor nie, nie vriende se raad soek nie, net in ons eie woestyn in die stilte die stem van die Here wil hoor; en erken dat ons tot nou toe net gehoor het wat mense van die Here sê en dalk onself nou wil wiks daarvoor en in moedeloosheid soos Job dit stel in sak en as wil sit. Wat sal gebeur as jy soos Job dan skielik die Here self beleef? Wat sal jy hoor? Dalk 'n splinternuwe lied – dalk die lied der liedere wat jy wil saamspeel?

Jou antwoord het ek nie, net die algemene en ewige waarhede van toepassing. Jy is die dirigent in jou eie lewe, jy het ook panache en flair en entoesiasme – wat bes moontlik onderdruk en weggesteek is, of selfs van vergeet het of miskien nog nooit ontdek het nie. Maar daarvoor hoef jy nou nie in sak en as te sit nie. Jy het ook 'n Dirigent wat vir jou jou plek in die orkes der orkeste wil aanwys en jou laat deel word van die grootste simfonie wat nog ooit was – die skepping: *O Heer, laat hierdie dae heilig word: Laat alles val wat pronk en sieraad was of enkel jeug, en ver was van die pyn; laat ryp word, Heer...* Ons almal het een of ander instrument wat ons bemeester het met flair en die Skepper ken joune.

'n Besondere invalshoek hiertoe kry ons in Jes. 43:18-21 // *Maar moenie net aan die vroeëre dinge dink en by die verlede stilstaan nie. Kyk, Ek gaan iets nuuts doen, dit staan op die punt om te gebeur, julle kan dit al sien kom; Ek maak in die woestyn 'n pad, Ek laat in die droë wêreld riviere ontspring. Die wilde diere sal My vereer, die jakkalse en die volstruise, omdat Ek water gee in die woestyn, riviere in die droë wêreld om my volk, my uitverkore volk, se dors te les. Dit is die volk wat Ek vir My geskep het, en wat my lof sal verkondig.*

Die melodie van die skepping het ons nie komponeer nie – dié is die Here se produksie. Wat ons moet hoor is dat die universum – wat beteken een lied – heeltyd nuut gemaak moet word, moet ontwikkel. Dit help nie om te bly hunker na die ou liedere nie. Die nuwe lied is soos 'n pad deur die woestyn, soos 'n rivier wat in droë plekke ontspring. Dit is 'n lied wat die mense se ware dors les. Dis 'n lied wat ons behoeftes aanspreek, ons beter skeppinge maak. Een van George Bernard Shaw se uitsprake sê dat die lewe nie gaan om jouself te vind nie, maar om jouself te skep; en dat wonderwerke geleenthede bied om geloof te skep. Jy kan maar entoesiasties wees want jy is soos ons elkeen deur God as lid van die orkes van die heelal gemaak en dit om sy lof te verkondig. Span jou sintuie in en weet die Here wil sy nuutste lied laat weerklink!

In hierdie tyd van inperking en algehele onsekerheid en vrees en wonder oor lewe en dood is dit die heel beste ding wat jy kan doen: Vergeet van wat jy hoor mense sê en luister na wat die Here vir jou sê – en gaan neem dan deel aan die uitvoering van die lewe tot jy opgelewe is.

Neem die seëning van Jeremia 17:7-8 met jou hierdie week: *Dit gaan goed met die mens wat sy vertrouwe in die Here stel, die mens vir wie die Here 'n veilige vesting is; so iemand is soos 'n boom wat by water geplant is en sy wortels na die stroom toe uitstoot.*

Amen